# HOOFSTUK 1

## TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 INLEIDING

Dit is ‘n bekende feit in die Opvoedkunde dat die ouer se opvoeding van sy kind sterk medebepaal word deur enersyds die waardes wat hy huldig (waarde-oriëntasie) en andersyds die doelstellings wat hy met die opvoeding van sy kind wil verwerklik, wat ook telkens aan bepaalde waardes gekoppel kan word. Elke ouer voed sy kind dus op ‘n bepaalde wyse op om bepaalde opvoedingsdoelstellings met sy kind te bereik en bepaalde waardes aan sy kind oor te dra. Pretorius (1992a:3-4) beklemtoon hierdie stelling met die volgende uitspraak:

> *“Elke ouer koester ‘n bepaalde ideaal ten opsigte van wat hy met die opvoeding van sy kind wil bereik, byvoorbeeld met betrekking tot kennis, kreatiwiteit of akademiese prestasie, selfstandigheid, selfbeheersing, sosiale vaardigheid en aanpasbaarheid, morele waardes, gedrag-standaarde, verantwoordelikheidsin, ensovoorts. ... Elke ouer voed dan ook op die een of ander wyse op om hierdie doelstellings met die kind te bereik. Dit word die opvoedingsgedrag of opvoedingstyl van die ouer genoem.”*

Dit is duidelik dat daar ‘n direkte verband bestaan tussen die opvoedingsdoelstellings van die ouer en dit wat hy van waarde ag of as belangrik beskou. Ferreira (1987:98) meld in hierdie verband dat die wyse waarop die ouer opvoed (dit wil sê sy opvoedingstyl) uit sy persoonlike hiërargie van waardes en waarde-oortuigings voortspruit.

Waardes vorm 'n integrale deel van die menslike bestaan en is diep gegrond in die totale persoon-wees van elke individu. Jacobs (1995:56) vat hierdie gedagtes raak saam: *"Die mens neem waardebepalend deel aan die lewe en sy hele bestaan is deurtrek van waardebepalinge. Alles wat die mens dink, besluit of kies is deurtrek met waardebepalinge."* Die mens tree dus deurgaans waardebepalend op, ook tydens die verwerkliking van sy opvoedingstaak. Harman en Brim (1980:56) sluit hierby aan en beskou kulturele waardes en ander kultureel-vasgelegde faktore as belangrike determinante van ouerlike opvoedingsgedrag.

Waardes verskil egter van kultuur tot kultuur en van gemeenskap tot gemeenskap. Daar kan byvoorbeeld verwag word dat 'n maatskaplike groepering soos die milieu-benadeeldes in die samelewing bepaalde gemeenskaplike waardes, wat verskil van die waardes van ander groeperinge, sal huldig - ook ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders. Ferreira (1987:1) stel hierdie aangeleentheid soos volg:

> *"Alle ouers of hulle nou in 'n groot stad of op die afgeleë platteland woon, voed hulle kinders op ooreenkomstig waardes, norme, gedragskodes en leefreëls wat in die besondere gemeenskappe segwaarde het."*

Alhoewel opvoeding dus 'n universele verskynsel is wat in alle gemeenskappe verwerklik word, is dit tog altyd op bepaalde waardes afgestem en daarom ook sterk partikulier van aard. Opvoeding in 'n bepaalde gemeenskap of groep word inderdaad gerig deur die waardes eie aan die bepaalde groep en deur dit wat as belangrik en relevant geag word deur die lede van die groep met betrekking tot die opvoeding van kinders (Ferreira, 1991:47).

Opvoeding behels die begeleiding van die kind op kognitiewe, affektiewe en normatiewe vlak. Laasgenoemde dimensie impliseer noodwendig dat die opvoeding van die kind altyd gebaseer is op belangrike waardes en norme. Hierdie waardes en norme word egter deur die ouer self bepaal en is sterk

gekoppel aan sy kultuur en die bepaalde groepering in die samelewing waaraan hy behoort. Ferreira (1994:23) beskou opvoeding as wordingshulp aan die kind waartydens die opvoeder lewenswaardevolle inhoude moet ontsluit ten einde die kind in staat te stel om uiteindelik sy lewe op 'n volwasse wyse te kan lei. Hierdie inhoude neem die vorm van waardes, norme, gedragskodes, gesindhede en vaardighede aan, wat nie alleen deur die opvoeder (ouer) onderrig moet word nie, maar ook aan die kind voorgeleef moet word. Dit sal egter slegs vir 'n ouer moontlik wees om iets aan die kind voor te leef indien hy dit self aankleef, met ander woorde indien dit deel is van sy eie waardesisteem of lewensopvatting.

Dit is verder 'n betekenisvolle feit dat die waardes aan die hand waarvan ouers 'n kind opvoed telkens gekoppel kan word aan die sosio-ekonomiese status van die ouer. Mens sou byvoorbeeld kon verwag dat ouers met 'n hoër sosio-ekonomiese status waardes soos selfstandigheid, kreatiwiteit, nuuskierigheid en kritiese denke sal aanhang en dat hulle opvoedingsinhoude en -styl gevolglik daardeur beïnvloed sal word. In teenstelling hiermee sou verwag kon word dat waardes soos gehoorsaamheid, netheid en konformiteit deur ouers met 'n laer sosio-ekonomiese status gehuldig sal word, wat weer 'n bepalende invloed op hulle opvoedingsinhoude en -styl sal hê.

Verskeie navorsers se uitsprake bevestig bovermelde gedagte, waarvan die volgende as voorbeelde dien:

- Volgens Shaffer (1996:612) sentreer die waardes van ouers uit die laer- en werkersklas om gehoorsaamheid en respek vir gesag, terwyl ouers uit die middel- en hoërklas aspekte soos onafhanklikheid, weetgierigheid en kreatiwiteit by hulle kinders bevorder. Ouers uit die laer- en werkersklas is geneig om meer beperkend en outoritêr te wees as ouers uit die middel- en hoërklas, en om van mag gebruik te maak by die dissiplinering van hulle kinders. Hierdie ouers is gewoonlik meer krities, bestraffend en onverdraagsaam teenoor ongehoorsaamheid as ouers uit die middel- en hoër

sosio-ekonomiese stande. Hierbenewens is ouers uit die laer- en werkersklas geneig om minder dikwels met hulle kinders te praat en te redeneer en om minder warmte teenoor hulle kinders te betoon.

- Okagaki en Divecha (1993:40-41) verwys na studies deur Crouter (1984) en Kohn (1963, 1969), waarin die verband tussen die opvoedingsgedrag van die ouers, hulle sosio-ekonomiese status en die werksomstandighede van die vader beklemtoon word. Volgens dié navorsing is die vader se werksomstandighede bepalend by die opvoedingsgedrag wat deur die ouers verwerklik word. Dit wat deur die ouers as belangrik geag word en in hulle opvoedingsgedrag as doelstellings nagestreef word, word enersyds grootliks bepaal deur die mate van selfdireksie (outonomie, verbeelding, nuuskierigheid en selfkontrole) of konformiteit (netheid, gehoorsaamheid en om met ander oor die weg te kom) wat deur die vader se werk vereis word, en andersyds deur die mate waarin die vader by besluitneming en probleemoplossing betrek word by sy werk. By hoër status beroepe word inisiatief, onafhanklike denke en persoonlike oordeel gewoonlik by werknemers beklemtoon en toegelaat, terwyl laer status beroepe min ruimte laat vir selfdireksie.

- Ferreira (1991:52) onderskei tussen die wyses van dissiplinering van kinders deur ouers uit verskillende sosio-ekonomiese klasse en meld in dié verband dat ouers uit die arbeidersklas dikwels daartoe geneig is om hulle kinders punitief (dikwels fisies) te straf vir gedrag wat ongewenste gevolge inhou. Hierteenoor dissiplineer ouers uit hoër sosiale klasse hulle kinders op 'n konstruktiewe wyse, gebaseer op 'n beoordeling van die kind se motiewe en bedoelinge met die gedrag.

- Hamachek (1987:216) meld dat ouers met 'n hoër sosio-ekonomiese status aspekte soos geluk, kreatiwiteit, ambisie, onafhanklikheid, weetgierigheid en selfbeheersing vooropstel en dat hierdie waardes hulle opvoedingstyl

beïnvloed. Hierteenoor word die opvoedingstyl van ouers met 'n laer sosio-ekonomiese status gerig deur waardes soos gehoorsaamheid, respek, netheid, sindelikheid en om uit die moeilikheid te bly.

Dit blyk dus dat die waardes van ouers verband hou met nie slegs hul kultuurgroep nie, maar ook die sosio-ekonomiese klas waartoe hulle behoort. Die waardes wat gehuldig word, het op hulle beurt weer 'n bepalende invloed op die opvoedingsdoelstellings wat nagestreef word en rig sodoende die ouer se opvoeding van sy kind.

Alhoewel opvoeding vir die totale duur van die kind se nie-volwasse lewe belangrik is, word die voorskoolse fase dikwels as belangrike fase uitgesonder. Ferreira (1987:40) beklemtoon die belangrikheid van die kwaliteit van opvoeding en begeleiding wat die kind in die voorskoolse fase ontvang en meld dat dit 'n invloed het op sy totale ontwikkeling en ontplooiing (byvoorbeeld op affektiewe, kognitiewe, sosiale en liggaamlike vlak). Die wyse waarop ouers hulle kinders in die vroeë kinderjare hanteer en opvoed, het dus 'n belangrike invloed op die kind vir die res van sy lewe.

In die lig van die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar bepaalde verbande bestaan tussen die waarde-oriëntasie van die ouer, die opvoedingsdoelstellings wat nagestreef word en die opvoeding van sy kind. In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na die aard van hierdie verbande en die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die ouer die gesinsopvoeding van spesifiek die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van die opvoedingstyl wat die ouer verwerklik, die opvoedingsinhoude wat hy voorhou en die invloed wat sy opvoeding op die ontwikkeling van die kind uitoefen.

## 1.2 TEMA-ANALISE

### 1.2.1 Waarde-oriëntasie

Die konsep **waarde-oriëntasie** is saamgestel uit die begrippe **waarde** en **oriëntasie**, wat vervolgens eers afsonderlik bespreek word alvorens 'n omskrywing van die saamgestelde begrip gebied word.

Die begrip **waarde** word onder meer soos volg in woordeboeke en vakwoordeboeke omskryf:

- *"Wat iets werd is, gemeet aan een of ander norm"* (Labuschagne & Eksteen, 1993:1068).

- *"A value is that to which a society, cultural group or individual attaches worth, value or significance. Values can be goals and objectives. They are not only shared but are regarded as matters of collective welfare to which is often attached a high degree of emotional belief in their importance"* (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1988:238).

- *"The concept of value has been associated with, or identified as, something desired, a motivational force, a Gestalt quality, a metaphysical entity or - within an ethical framework - whatever promotes individual life or human survival"* (Husén & Postlethwaite, 1994:6576).

- *"Principles which in order of worthiness give direction to human thought and action; they are cultural standards which meet with wide agreement, and enable people or groups to compare and judge their experiences and objectives. By reference to value systems an order of priorities for action, and a criterion of relevance can be set up, so that human activity can be organized and understood, analysed and planned. The value systems will, of*

*course, vary from individual to individual and from culture to culture"* (Collins, Downes, Griffiths & Shaw, 1973:112).

Schwartz (1992:4) omskryf **waardes** as konsepte of oortuigings wat verband hou met gewenste gedrag of eindtoestande, as iets wat spesifieke situasies transendeer, die keuse en evaluasie van gedrag en gebeure rig en iets wat georden is volgens relatiewe belangrikheid. Waardes is gesetel in voorkeure, houdings, doelwitte, behoeftes en wense. Dit dien as kriteria en omvat norme, reëls, maatstawwe, oortuigings en beginsels. Waardes kan beskou word as riglyne vir gedrag, wat uit hoofde daarvan 'n invloed het op die opvattings, optrede, beslissings, keuses, oordele en regverdiging vir gedrag in enige individu se lewe. Dit verwys dus na 'n basiese en voortgesette oortuiging dat 'n bepaalde vorm van gedrag of bestaanstoestand verkies word bo 'n ander lewenswyse of bestaanstoestand (Joubert, 1986:17; Jansen van Vuuren, 1985:145; Rokeach, 1979:2).

Aangesien waardes in kultuur gegrondves is, vorm dit deel van die individu se sosiale leefwêreld. Dit is 'n gegewe op grond van die bepaalde kultuur of subkultuur waartoe die individu behoort en is bepalend van 'n bepaalde "klimaat" of "kulturele atmosfeer" waarbinne die individu opgroei. Teen die agtergrond van hierdie klimaat word die realisering van waardes, wat as belangrik geag word, nagestreef (Jansen van Vuuren, 1985:59).

Feather (1975:195) vat hierdie gedagtes saam met sy beskouing van waardes as die produk van kulturele, institusionele en persoonlike kragte wat 'n invloed uitoefen op die individu, waar kultuur verband hou met bepaalde gemeenskaplike waardes, houdings en oortuigings wat deur die lede van 'n bepaalde groep mense gehuldig word. Hierdie waardes, houdings en oortuigings is sigbaar in beide die gedrag van individue en in hul sosiale organisasie en funksionering.

Die institusionalisering van waardes binne 'n bepaalde kultuur geskied onder meer deur middel van sosialisering, waartydens waardes in stand gehou en aan die volgende geslag oorgedra word (Jacobs, 1995:59). 'n Uitkoms van sosialisering is gewoonlik die internalisering van die waardes en norme van die gesin en samelewing deur die kind. Tydens die proses van sosialisering maak die kind die waardes dus deel van homself, sodat hy sy toekomstige gedrag daarvolgens kan rig. Toereikende sosialisering impliseer desnoods morele gedrag, aan die hand van geïnternaliseerde waardes en norme. Die moontlikheid van disfunksionele gedragspatrone bestaan egter ook, byvoorbeeld in gevalle waar die kulturele oortuigings wat deel vorm van die individu se persoonlike waarde-oriëntasie in konflik is met die dominante waarde-oriëntasie van die samelewing (Jansen van Vuuren, 1985:97-98).

Dit volg derhalwe dat elke individu waardebepalend deelneem aan die lewe en dat alle denkhandelinge, keuses en besluite met waardebepalinge deurtrek is. Vanweë die direkte verband tussen enige individu se waardes en sy motivering, is waardes nie slegs rigtinggewend ten opsigte van houdings en gedrag nie, maar ook altyd afgestem op gewenste gedrag of 'n bepaalde eindtoestand. Waardes dien as basis wanneer die individu gebeurtenisse, asook gedrag (die eie en dié van ander) kies en evalueer. Op grond van die individu se kriteria met betrekking tot waardes sal hy derhalwe 'n bepaalde positiewe of negatiewe houding teenoor 'n situasie of objek inneem (Jacobs, 1995:57; Roux, 1995:11; Jansen van Vuuren, 1985:40).

Waardes is altyd in 'n bepaalde hiërargie gerangskik, met 'n sogenaamde sentraliserende waarde in die hoogste posisie. Daar is 'n direkte verband tussen hierdie sentraliserende waarde en die lewensopvatting van enige individu. Hierbenewens is waardes multidimensioneel van aard en word dit gekenmerk deur kognitiewe, affektiewe, konatiewe en gedragskomponente (Jacobs, 1995:57; Roux, 1995:5; Jansen van Vuuren, 1985:40 & 145).

Teen die agtergrond van die voorafgaande omskrywing van die begrip **waarde** en die definisie van die begrip **oriëntasie** as *"... die handeling om jou op hoogte van sake te stel; die vind v.d. korrekte posisie in die ruimte, t.o.v. die rigtings, ens."* (Labuschagne & Eksteen, 1993:612), kan die begrip **waarde-oriëntasie** beskou word as die handeling waartydens die individu bewus word van en keuses uitoefen met betrekking tot dit wat vir hom belangrik is (sy waardes), asook die internalisering daarvan en uiteindelik die verwerkliking daarvan in sy gedrag. Dit omvat die totaliteit van waardes aan die hand waarvan die individu op persoonlike en sosiale vlak sal besluite neem, optree en gedrag of situasies evalueer.

Joubert (1986:17) haal die Suid-Afrikaanse filosoof Degenaar aan, wat die begrip **waarde-oriëntasie** as 'n *"draer van 'n kwaliteit van wenslikheid en normatiwiteit ..."* omskryf. In aansluiting hierby beskou Smith (1994:1 & 16) **waarde-oriëntasie** as *"in die persoonlikheid van die individu geïnternaliseer"* en word die volgende as algemene kenmerke van die begrip deur dié skrywer voorgehou:

- dit verwys na 'n oriëntasie of geneigdheid ten opsigte van dit wat as wenslike handelinge beskou word
- hierdie oriëntasie omvat 'n algemene normatiwiteit
- die normatiewe oriëntasie is veral van toepassing in situasies wat deur intermenslike verhoudinge gekenmerk word.

### 1.2.2 Gesinsopvoeding

Die begrip **gesinsopvoeding** is saamgestel uit die begrippe **gesin** en **opvoeding**. Al drie hierdie begrippe word vervolgens kortliks bespreek.

Cooper (Pretorius, 1998b:41-42) bied die volgende insiggewende omskrywing van die **gesin**: Die gesin

- bied die ervaring van persoonswarme, liefdevolle, intieme en konsekwent-betroubare verhoudinge (ek-jy-verhoudinge)
- verseker die fisiese en materiële voorsiening en versorging, gesondheid en veiligheid van sy lede
- erken sy taak met betrekking tot die sosialisering van kinders, die bevordering van hul persoonlikheidsontwikkeling en vermoëns, die begeleiding van hul gedrag en die beïnvloeding van hul waardes en norme
- bied samewerking aan die skool en die wyer gemeenskap in die voorsiening van onderwys- en leerervaringe
- bied ondersteuning aan die kinders by hul verwerwing van onafhanklikheid en hul vestiging van 'n eie huwelik en gesinslewe.

Volgens Pretorius (1998b:41) is die **gesin** *"... 'n maatskaplike instelling wat in die Westerse lande berus op die georganiseerde en wettig vasgelegde eenheid van vader, moeder en kind."* Die vorm van die gesin kan varieer, afhangende van kulturele omstandighede. In ons samelewing beywer die gesin hom primêr daarvoor om die opvoeding en sosialisering van die kind te realiseer volgens die heersende norme van die samelewing. Binne hierdie konteks is die kind in staat om die gewoontes en tradisies van die groep waaraan hy behoort, te verwerf.

Die gesin is beide die primêre opvoedingsituasie en saamleefsituasie. Dit word as die sentrum van opvoeding beskou, aangesien dit die basiese opvoedingsmilieu van die kind is. Hierbenewens word dit as 'n kerngemeenskap en bousteen van die lewe in die staat en samelewing gereken. Binne hierdie omgewing kan die kind sy moontlikhede verwerklik en is toereikende opvoeding moontlik (Pretorius, 1998b:42-43).

Die gesin word dus beskou as die ruimte vir begeleiding van die kind tot selfaktualisering, en wel begeleiding op affektiewe, kognitiewe en sedelik-normatiewe vlak (Sonnekus & Ferreira, 1991:201). Benewens die funksies van voortplanting, sosialisering en versorging van die gesinslede, behoort 'n atmosfeer van liefde daargestel te word (affektiewe funksie), ten einde die kind se psigies-geestelike behoeftes te vervul en hom in staat te stel om tot 'n gelukkige, goedaangepaste persoon te ontwikkel (Pretorius, 1998b:50).

Volgens Van Rensburg, Landman en Bodenstein (1994:172) verwys **opvoeding** na die praktyk waar 'n volwassene (opvoeder) doelbewuste, doelgerigte bemoeienis maak met 'n nie-volwassene (opvoedeling) om hom tot selfstandigheid te begelei. Die doel met sodanige intensionele handeling is om die kind te wys op die regte, behoorlike en aanvaarbare en daardeur veranderinge (waaraan waarde geheg kan word) teweeg te bring en 'n bepaalde rigting aan die grootwording van die kind te gee. In aansluiting hierby beskryf Hawes en Hawes (1982:73) **opvoeding** onder andere as *"Any process, formal or informal, that helps develop the potentialities of human beings, including their knowledge, capabilities, behavior patterns, and **values**"* (my beklemtoning).

**Opvoeding** dui derhalwe op die proses waar 'n verantwoordelike volwassene 'n kind lei, help, ondersteun en begelei in die proses van selfaktualisering en optimale volwassewording. Hierdie begeleiding het 'n positiewe invloed op die opvoedeling en lei tot aanvaarding van die kind binne die samelewing as verantwoordelike volwassene. Namate die kind nader aan volwassenheid beweeg, neem die mate van opvoeding af en word die opvoeder uiteindelik oorbodig. Opvoeding sluit nie slegs die oordrag van inhoud in nie, maar ook die oordrag van kwaliteite soos leierskap, volharding, geduld, norme, **waardes** en besluitneming (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1988:71). Dit dui derhalwe op die begeleiding en geestelike vorming van 'n kind terwyl bepaalde waardes en ander belangrike inhoude aan hom oorgedra word, sodat hy in toenemende mate die beeld van volwassenheid kan vertoon.

Volgens Sears, Maccoby en Levin (1957:547) behels **gesinsopvoeding** *"... all the interactions between parents and their children. These interactions include the parents' expressions of attitudes, **values**, interests and beliefs as well as their caretaking and training behavior"* (my beklemtoning).

Pretorius (1998b:43) beskou **gesinsopvoeding** as die basis van alle opvoeding, wat dit vir die kind binne die gesinslewe moontlik maak om met sy bepaalde kultuur kennis te maak en om die gewoontes en tradisies van die groep waaraan hy behoort, te verwerf. Gesinsverhoudinge word as die basis van alle latere sosiale verhoudinge beskou. Benewens ander verantwoordelikhede ondersteun die ouers die kind binne die gesinsmilieu om onafhanklikheid te verwerf en 'n eie huwelik en gesinslewe te vestig. Gesinsopvoeding dui derhalwe op *"opvoeding en noodsaaklike volwassewordingshulp aan die hand waarvan 'n kind gelei en voorberei word om eendag as 'n volwaardige en verantwoordelike volwassene in 'n huwelik en gesin te kan funksioneer en sy deel te kan bydra tot diens van sy naaste en tot eer van God"* (Van Rooyen & Louw, 1993:24).

**Opvoeding** in die breë, met **gesinsopvoeding** as deel daarvan, behoort derhalwe die volgende aspekte te omvat (Van Rooyen & Ngwenya, 1997:17-18):

- begeleiding, wat 'n goeie verhouding tussen die ouer (opvoeder) en kind impliseer, waar die ouer die kind (met sy unieke vrese, probleme en vreugdes) toereikend ken
- ondersteuning van die kind, waar die ouer (opvoeder) die kind emosioneel en geestelik bystaan wanneer hy behoefte daaraan het
- lewensnabyheid, gekenmerk deur die ouer (opvoeder) se strewe na 'n intieme verhouding met die kind, waarbinne laasgenoemde kan ervaar dat die ouer hom opreg liefhet
- onvoorwaardelike aanvaarding van die kind, met sy tekortkominge en die foute wat hy maak
- aanvaarding van die kind se geslag.

Gesinsopvoeding behoort altyd gerig te wees op die oorkoepelende doelstelling van die optimale ontwikkeling van die persoonlikheid van die kind, wat afgestem is op 'n krities-kreatiewe integrasie (sosialisering) in die kontemporêre veranderende samelewing en kultuur. Die ouer moet derhalwe in die opvoeding van sy kind voortdurend die nodige geleenthede vir die kind bied om op 'n harmoniese en gelukkige wyse te ontwikkel en in die rigting van volwassenheid te beweeg (Angenent, 1990:91 & 100; Wielemans, 1984:19).

Ouerlike opvoedingsgedrag verwys na die wyse waarop die ouer sy kind opvoed om bepaalde doelstellings te bereik. Elke ouer se opvoeding is uniek en die opvoeding van enige kind is anders as dié van ander, selfs binne dieselfde gesin. Op grond van die opvoedingsgedrag van die ouer het die kind bepaalde opvoedingservaringe, wat sy persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed.


Met betrekking tot opvoedingsgedragspatrone van ouers onderskei Angenent (1990:75-76) tussen die volgende twee grondpatrone, wat beskou word as die basisdimensies van die opvoeding:

- Die **warmte-dimensie** in die opvoeding. By die teenpole van warmte/aanvaarding en koudheid/verwerping gaan dit oor die ouer se houding (en gevoelens) ten opsigte van die kind. Hier word onderskei tussen die warm, liefdevolle ouer wat 'n goeie verhouding met die kind het en die koue ouer wat hom nie veel aan die kind steur nie.

- Die **dominansie-dimensie** in die opvoeding. By die teenpole van dominansie/kontrole en toegeeflikheid/vryheid gaan dit oor die ouer se houding ten opsigte van die opvoeding. Hier word onderskei tussen die dominante, streng ouer wat die kind oorheers en die toegeeflike ouer wat die kind oormatig vryhede toelaat.


Die twee opvoedingsdimensies kan elk as 'n reguit lyn voorgestel word (kyk Figuur 1.1) en elke ouer kan dan, ooreenkomstig sy opvoedingsgedrag, iewers op die kontinuum geplaas word vir elk van die twee dimensies.

**FIGUUR 1.1** : Basisdimensies van die opvoeding (Angenent, 1990:76)




Die verhouding tussen die twee basisdimensies (warmte en dominansie) kan in 'n tweedimensionele opvoedingsmodel (kyk Figuur 1.2) voorgestel word, waar die warmte-dimensie op die horisontale as en die dominansie-dimensie op die vertikale as geplaas word. Op dié wyse vorm die twee dimensies die primêre asse van die model en die onderskeie kombinasies van hierdie hoofasse die sekondêre asse. Die asse van die model vorm dimensies waarop elke soort opvoeding geplaas kan word (Angenent, 1990:86-87).

**FIGUUR 1.2** : Die tweedimensionele opvoedingsmodel van Angenent (Angenent, 1990:86)




Agt opvoedingstyle of basisvorme van die opvoeding kan onderskei word aan die hand van die tweedimensionele model van Angenent. Aangesien die onderhawige studie 'n ondersoek behels na die verband tussen die waarde-oriëntasie van ouers en gesinsopvoeding (onder andere in terme van die opvoedingstyl van die ouers), word die agt basiese opvoedingstyle vervolgens kortliks bespreek in terme van die opvoedingsgedrag van die ouer (Pretorius, 1998b:65-74).

- **Warm opvoeding:** Dié opvoedingstyl word gekenmerk deur 'n intieme ek-jy-verhouding en gereelde, positiewe kommunikasie tussen ouer en kind. Die ouer is koesterend, besorgd, liefdevol en aanvaardend teenoor die kind. Hy ondersteun die kind, is sensitief met betrekking tot die kind se behoeftes, gevoelens en wense en moedig hom aan op alle terreine. Die ouer is buigsaam en verskaf simpatieke gesagsleiding.

- **Koue opvoeding:** By die koue opvoeding is die ouer liefdeloos, negatief, vyandig en verwerpend teenoor die kind. Hy toon 'n gebrek aan belangstelling in die kind, ondersteun nie die kind nie en kritiseer, verkleineer en blameer die kind dikwels. Dié opvoedingstyl word gekenmerk deur 'n gebrek aan toereikende kommunikasie en 'n ongevoeligheid ten opsigte van die kind se behoeftes en gevoelens. Die ouer is genadeloos en straf die kind dikwels.

- **Dominante opvoeding:** Die dominante ouer poog om die kind in al sy handelinge te oorheers, te domineer en te kontroleer. Die ouer is streng, eis absolute gehoorsaamheid van die kind en straf hom (dikwels liggaamlik) indien hy nie aan die eise van die ouer voldoen nie. Die ouer is veeleisend, beperkend en oorbemoeiend. Kommunikasie tussen ouer en kind word gekenmerk deur negatiwiteit, begriploosheid, doodkorrigering en magsuitoefening.

- **Toegeeflike opvoeding:** Hierdie opvoedingstyl word gekenmerk deur minimum kontrole, die afwesigheid van dwang en min of geen maatreëls indien die kind iets verkeerd doen. Die ouer laat die kind baie vryheid toe, is oormatig aanvaardend en stel min eise aan die kind. Die ouer is dikwels huiwerig om beheer uit te oefen en pas die enkele reëls wat wel voorgehou word op 'n buigsame wyse toe.

- **Tolerante, demokratiese opvoeding:** Die tolerante opvoeding word gekenmerk deur beide warmte en toegeeflikheid. Die ouer is buigsaam, aanvaardend en begrypend teenoor die kind en erken hom as gelykwaardig. Die opvoedingsverhouding word gekenmerk deur gereelde tweerigting kommunikasie, waartydens die ouer van verduidelikings en redenasies gebruik maak om die kind te oorreed (induktiewe dissiplineringsgedrag). Die ouer is kind-gerig en sensitief vir die behoeftes, wense en gevoelens van die kind.

- **Intolerante, outokratiese opvoeding:** Dié opvoedingstyl word gekenmerk deur koudheid en dominansie. Die ouer is gebiedend, stel hoë eise aan die kind en vereis absolute gehoorsaamheid. Hy is streng, onbuigsaam en maak dikwels gebruik van kragtige, bestraffende maatreëls. Die ouer se opvatting dat sy woord onvoorwaardelik as korrek aanvaar moet word, belemmer egte opvoedingskommunikasie en lei dikwels daartoe dat kommunikasie negatief, eensydig en begriploos van aard is.

- **Betrokke opvoeding:** Die betrokke opvoeding word gekenmerk deur beide warmte en dominansie. Die ouer stel belang in die kind en het 'n sterk emosionele band met die kind, maar tree oorbesorgd en opdringerig op. Die ouer is oorbeskermend en oorbemoeiend en is dikwels geneig om die kind oormatig te help en oormatig fisies te vertroetel. Die ouer poog deurgaans om die kind teen gevaar te beskerm en openbaar 'n oormatige vrees dat die kind iets sal oorkom.

- **Onverskillige opvoeding:** Die onverskillige opvoeding word gekenmerk deur koudheid en toegeeflikheid. Die ouer openbaar 'n gebrek aan belangstelling in en betrokkenheid by die kind en verwaarloos en verontagsaam hom gevolglik. Die ouer erken nie die behoeftes van die kind nie en verontagsaam nie slegs die kind se behoefte aan liefde nie, maar ook sy behoefte aan gesag en leiding. In ekstreme gevalle tree die ouer negerend en ignorerend op en distansieer hy hom van die kind.

### 1.2.3 Milieu-benadeeldheid

Le Roux (1992:10) omskryf die begrip **milieu** soos volg:

> *"Die onmiddellike fisiese en sosiokulturele omgewing wat 'n invloed uitoefen op die mens as individu, asook op die mens in groepsverband.*

*Dit verwys na die totaliteit van omgewingsinvloede wat die menslike ontwikkeling beïnvloed."*

Labuschagne en Eksteen (1993:508) sluit hierby aan met die kernagtige definisie van **milieu** as onder andere die agtergrond, kring of omgewing waarbinne die individu opgroei en tuishoort. Volgens Pretorius (1998b:315) omsluit hierdie omgewing drie wêrelde, naamlik die geografies-fisiese, medemenslike en kultuur-historiese wêrelde.

Teen die agtergrond van die voorafgaande omskrywing kan die begrip **milieu-benadeeldheid** omskryf word as 'n omgewing waarin 'n individu hom bevind wat gekenmerk word deur bepaalde tekorte in een of meer van die drie genoemde wêrelde.

Volgens Pretorius (1998b:315) verwys die begrip **milieugestremdheid** na 'n uiteenlopende verskeidenheid faktore (sosiaal, ekonomies en kultureel) wat die individu wat hom in dié bepaalde omgewing bevind, se keusevryheid en reg tot absolute benutting van geleenthede inhibeer en sodoende sy kanse op optimale prestasie bemoeilik. So 'n individu bevind hom derhalwe in 'n sosiale omgewing wat gekenmerk word deur geografies-fisiese ontoereikendheid (ten opsigte van fisiese omgewing, woonbuurt, behuising, materiële goedere, kultuurgoedere, ensovoorts), gebrekkige medemenslike kommunikasie (wat die optimale verwerkliking van persoonsmoontlikhede en sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede belemmer) en die instandhouding van 'n lae kulturele peil.

Le Roux (1992:11) sluit hierby aan met sy siening van **milieu-gestremdheid** as die gesteldheid van 'n individu of bevolkingsgroep in die samelewing met 'n lae sosio-ekonomiese status, beperkte betrokkenheid in die gemeenskap, beperkte potensiaal vir opwaartse beweging en die beoefening van laagbesoldigde beroepe of werkloosheid. Hierdie toestand word gekenmerk deur armoede, milieu-tekorte, deprivasie, psigososiale tekorte, die onderaktualisering van

persoonspotensiaal, ontneming van die dominante kultuur en gebrekkige lewenskanse.

Meintjes (1990:11) bied die volgende samevattende omskrywing van die begrip:

> *"Die konsep milieu-gestremdheid dui dus op sosiale groeperinge wat weens hul milieu-tekorte en psigo-sosiale agterstande in 'n spiraal van armoede, deprivasie en kultuurverstokenheid vasgevang sit en om dié rede ernstige belemmeringe ervaar wat betref hul optimale selfaktualisering, die verbetering van hul lewenskanse en die bereiking van 'n bevredigende lewensgehalte. Die konsep milieu-gestremdheid verwys dus na 'n verskeidenheid van sosiale, ekonomiese en kulturele faktore wat 'n milieu-gestremde individu se keusevryheid en reg tot die optimale benutting van geleenthede belemmer."*

Die milieu-benadeelde individu (kind) bevind hom derhalwe in 'n milieu waarbinne hy, vanweë 'n verskeidenheid moontlike faktore (dikwels materiële gebrek of 'n lae status), nie voldoende geleenthede en stimulering ontvang nie en gevolglik nie in staat is om sy moontlikhede te verwerklik nie.

Die begrip **milieu-benadeeldheid** word in die literatuur afgewissel met verskeie sinonieme, onder andere armoede-kultuur, kultuurverstokenheid, milieu-gestremdheid, sosiaal- of kultureel-gestremdheid, sosiaal- of kultureel-misdeeldheid, sosiaal- of kultureel-gedepriveerdheid, sosiaal- of kultureel-belemmerdheid, kans-armheid, milieu-agterstand, milieu-vertraagdheid, agtergeblewendheid, ontwikkelingstagnasie, sosiaal verwaarloosdheid, opvoedingsbenadeeldheid (vergelyk Pretorius, 1998a:5; Pretorius, 1998b:316).

### 1.2.4 Voorskoolse kind

Vir die doel van hierdie studie word die **voorskoolse kind** beskou as die kind tussen die ouderdomme van ongeveer 3 tot 6 jaar, wat nog nie tot die laerskool toegetree het nie. Daar word dikwels na kinders, wat aan dié kriteria voldoen, verwys as in die kleuterfase. Volgens Pretorius (1994b:81-82) word dié fase onder andere gekenmerk deur die kind se ontdekking van die eie-ek, 'n intensivering van die kind se gevoelslewe, vinnige uitbreiding van taalontwikkeling, 'n toenemende soeke na oorsake en verklaringe en 'n intensivering van die fantasielewe. Dit word beskou as die lewensfase waartydens die grondslag vir die vorming van die persoonlikheid gelê word en waartydens die kind se ontwikkeling intens-beïnvloedbaar is. Die belangrikheid van die wyse waarop die voorskoolse kind hanteer en opgevoed word (dit wil sê die ouer se opvoedingsgedrag), word hierdeur beklemtoon.

Lambinon (1987:23) bevestig hierdie gedagte en beskryf die voorskoolse of kleuterfase as die fase waartydens die ouers die kind op 'n informele wyse opvoed en onderrig ten einde hom tot volwassenheid te begelei. Hierbenewens is dit die lewensfase waartydens die kind voorberei en gereedgemaak moet word vir skooltoetrede. Alhoewel bepaalde ouderdomme aan die kleuterfase gekoppel word, kan die uniekheid van elke kind en sy situasie nooit buite rekening gelaat word nie en moet die ouderdomme wat verskaf word derhalwe bloot as benaderde grense gesien word.

### 1.2.5 Ouerbegeleidingsimplikasies

**Ouerbegeleiding** verwys na 'n besondere, georganiseerde wyse van begeleiding van en ondersteuning aan ouers en voornemende ouers, waartydens onderrigprosesse beplan en geïmplementeer word ten einde die wyse waarop ouers funksioneer, te beïnvloed. Ouerbegeleiding word gekenmerk deur voorafbepaalde inhoude en is altyd afgestem op die oorkoepelende



i 15994053
b 15400013

doelstelling om ouers en voornemende ouers te begelei tot insig en vaardighede met betrekking tot 'n verskeidenheid aspekte van kinderopvoeding en kinderontwikkeling, asook insig in hulle eie en hulle kinders se sosiale, emosionele, fisieke en ander behoeftes met die oog op verbeterde ouerskap, bevordering van die optimale ontwikkeling en funksionering van die kind op alle vlakke (intellektueel, fisiek, moreel en emosioneel) en verbetering van die verhouding tussen ouer en kind (Pienaar, 1997:11; Grebe, 1986:22; Harman & Brim, 1980:12).

Buys (1991:41) omskryf die begrip **ouerbegeleiding** as *"'n Primêr voorkomende wyse van inligting meedeel, op so 'n wyse dat ouers deur ervaring kan leer en gelei word tot 'n veranderde houding en stellingname teenoor hulle kind, grootliks omdat hulle beter begrip sal hê vir hul kind."* Ouerbegeleiding is gerig op die begeleiding van ouers om hulle eie opvoedingsgedrag te evalueer in die lig van hulle persoonlike omstandighede, waardes en oortuigings sodat hulle hulself as meer toereikend kan beleef en beter toegerus kan voel vir die taak van ouerskap. Hierbenewens is ouerbegeleiding gerig op die versterking van gesinsbande en 'n gevoel van samehorigheid, asook die verbetering van kommunikasie tussen ouer en kind. Ten einde die kwaliteit van opvoeding te verbeter, omsluit ouerbegeleiding altyd twee komponente, te wete die oordrag van inligting en die demonstrasie van vaardighede op 'n praktiese wyse (Buys, 1991:41-42).

Ferreira (1991:1) onderskei tussen ouerbegeleiding op mikro-opvoedkundige vlak en ouerbegeleiding op makro-opvoedkundige vlak. Waar eersgenoemde verwys na die begeleiding van en raadgewing aan bepaalde ouers of gesinne ten aansien van die hantering van reeds geïdentifiseerde probleme, val die klem by laasgenoemde op die voorkoming van probleme (naamlik opvoedings-, ontwikkelings-, leer- en gedragsprobleme). Ouerbegeleiding op makro-vlak behels 'n voorkomende strategie (waar ouers van inligting en kennis voorsien word en die geleentheid kry om opvoedingsvaardighede in te oefen, ten einde

hulle "opvoedingsparaat" te maak om probleme in die opvoeding en grootwording van kinders te voorkom), asook 'n kompenserende strategie (waar programme en ouerbegeleidingsaksies spesifiek gerig is op die verligting en uiteindelike opheffing van reeds bestaande probleme in gesinne of gemeenskappe). Hierdie georganiseerde en beplande volwassene-onderwys gebeure (gewoonlik informeel of nie-formeel van aard) kan verwerklik word deur massa-onderwysmodi (byvoorbeeld die internet, radio, televisie, tydskrifte en koerante), groepmodi (ouerbegeleidingsgroepe) en/of individuele modi (tuisbesoeke) (Ferreira, 1991:14-15 & 20-21).

Ferreira (1991:23-24) beskou die volgende as belangrike doelwitte met ouerbegeleiding op makro-vlak, benewens die oorkoepelende doelstelling van hulp aan ouers om toenemend meer opvoedingseffektief te handel:

- die voorsiening van kennis en inligting met betrekking tot die ontwikkeling van die kind, asook verbandhoudende opvoedingsopgawes
- die opskerping en inoefening van opvoedingsvaardighede (byvoorbeeld kommunikasie en dissiplinering)
- die bewusmaking van ouers ten opsigte van hulle verantwoordelikheid vir die vroegtydige voorkoming en identifikasie van probleme
- die bewusmaking van ouers van hulle eie potensiaal en ervaring as opvoeders (met behulp van tegnologie of massamedia)
- die sensitisering van ouers vir hulle rol as ouers en beantwoording aan die behoeftes van die kind, eie aan sy lewensfase
- die toespitsing op buitengewone opvoedingsituasies, byvoorbeeld waar milieu-benadeeldheid voorkom, in gevalle van enkelouerskap of hersaamgestelde gesinne, of by gesinne met spesiale opvoedingsbehoeftes (soos gesinne waarin 'n kind blind of doof is).

Die begrip **implikasie** word deur Labuschagne en Eksteen (1993:285) onder meer omskryf as *"Wat ingesluit lê in, wat volg uit, wat inbegryp is."* Vir

doeleindes van die onderhawige studie verwys die begrip **ouerbegeleidings-implikasies** derhalwe na dit wat uit die studie voortspruit wat betekenis inhou vir en aangewend kan word tydens ouerbegeleiding, ten einde ouers en voornemende ouers beter toe te rus vir hulle opvoedingstaak om uiteindelik die optimale ontwikkeling en selfaktualisering van die kind te fasiliteer.

### 1.2.6 'n Psigopedagogiese studie

Ferreira (1994:29) beskou dit as die taak van enige wetenskap om sy studieterrein af te grens binne die groter geheel van die menslike leefwêreld, met die doel om die tema van die studie deeglik te leer ken aan die hand van 'n bepaalde metode. Die rasionaal hieragter is 'n diepgaande deurdenking van die studiegebied, afgestem op 'n uiteindelike beskrywing en uitleg van die wesenlike daarvan. Ten einde in staat te wees tot so 'n beskrywing en uitleg, moet gevolglik van begrippe gebruik gemaak word wat die werklike essensiële van die tema sal verhelder en beskryf.

Die Opvoedkunde en sy deeldissiplines is afgegrens op die opvoedings-werklikheid as studieterrein. Alhoewel al die deeldissiplines die opvoedings-verskynsel as intermenslike gebeure tussen 'n volwassene en 'n kind op weg na volwassenheid bestudeer, ondersoek elke deeldissipline hierdie verskynsel vanuit 'n ander invalshoek of perspektief. Die Psigopedagogiek fokus veral op die dinamiek van die volwassewording van die kind en bestudeer die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding, soos dit manifesteer in sy ontwikkeling en leer. Die verantwoordelikheid van beide die volwassene (ouer) en die kind word beklemtoon, waar die volwassene inhoude (in die vorm van norme, waardes, gedragskodes, gesindhede en vaardighede) moet onderrig en voorleef, terwyl die kind homself oopstel vir die inhoude en dit moet leer (Ferreira, 1994:25 & 28).

Die onderhawige studie kan as 'n Psigopedagogiese studie beskou word, om die volgende redes:

- dit handel oor die dinamiek van die volwassewording van die kind
- dit handel oor die wesenlike gebeure tussen ouer en kind
- die doel is om as uitkoms van die onderhawige studie riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer, met betrekking tot die invloed van die opvoedingsgedrag van die ouer op bepaalde kind-veranderlikes, soos die belewinge, gedrag en ontwikkeling van die kind.

Die studie het egter ook 'n sterk sosiopedagogiese inslag. In die Sosiopedagogiek gaan dit primêr om die begeleiding van die kind ten opsigte van die sosiale en word die sosiale lewe van die kind-in-opvoeding, sowel as die verband tussen opvoeding en die samelewing, bestudeer. Die kind word altyd binne bepaalde saamleefverhoudinge en -situasies opgevoed (ook opvoedingsverhoudinge en -situasies) en is slegs op grond van kommunikasie met ander (opvoeders, leeftydgenote en ander) in staat om sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede te verwerklik en te leer om met sy medemens te kommunikeer (Pretorius, 1998b:2-3).

In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na verbande tussen die waarde-oriëntasie van die ouer enersyds en sy opvoedingsgedrag, opvoedingsinhoude en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind (onder andere in terme van sy persoonlikheidsontwikkeling) andersyds. Die kind se sosiale gesitueerdheid word onder die soeklig geplaas, wat beteken dat die studie ook 'n sterk sosiopedagogiese inslag het. Die volgende sosiopedagogiese basisbegrippe word deurgaans gebruik om die sosiale lewe van die milieu-benadeelde voorskoolse kind-in-opvoeding te beskryf en toe te lig (vergelyk Pretorius, 1998b:7-40):

- ek-jy-verhouding
- opvoeding(styl)
- kommunikasie
- sosiale lewe
- sosialisering
- selfaktualisering
- identiteit en selfkonsep
- sosiaal-maatskaplike oriëntering
- behoeftevervulling in sosiale verband
- sosiale milieu
- persoonlikheid.

Benewens bovermelde het die studie ook 'n sterk opvoedkundige-sielkundige inslag. Die Opvoedkundige-Sielkunde word beskou as 'n dissipline wat veral gerig is op die bestudering van persoonsontwikkeling en opvoedingsdinamiek. Die Opvoedkundige-Sielkunde is derhalwe 'n volwaardige dissipline wat by die vernaamste bydraes van die algemene Sielkunde en die Opvoedkunde aansluit en hierdie bydraes tot 'n eenheid konvergeer. Dit is die taak van die opvoedkundige-sielkundige om ontwikkelingsagterstande, wat gewoonlik as emosionele, gedrags- of leerafwykings manifesteer, te voorkom of indien dit reeds voorkom, te verklaar en op te hef. Ten einde hierin te kan slaag word die kind binne sy totale konteks beskou en moontlike verklaringe teen die agtergrond van die konteks waarin hy hom bevind, gesoek (Van Niekerk, 1991:11-12 & 33).

Volgens Van Niekerk (1991:43) omvat die Opvoedkundige-Sielkunde die volgende opgawes:

- voorkomende begeleiding aan ouers en onderwysers ten aansien van die opvoeding, onderwys en ontwikkeling van die kind as persoon
- intervensie, veral ten aansien van die kind wie se persoonsvoltrekking probleme openbaar en met die oog op harmoniëring van die disharmoniese en die opheffing van sodanige probleme
- dienslewering aan instansies, onderwysdepartemente, skole en privaatpraktyke.

In die onderhawige studie val die soeklik nie slegs op ouerlike opvoedingsgedrag nie, maar ook op die ontwikkeling van die voorskoolse kind. Om dié rede kan die studie ook as 'n opvoedkundige-sielkundige studie beskou word. In die studie handel dit nie slegs oor 'n ondersoek na die vermelde aspekte nie, maar gaan dit uiteindelik oor die formulering van riglyne vir ouerbegeleiding. Op dié wyse word die veld van Ouerbegeleiding betree, wat op voorkoming afgespits is en daarop gerig is om ouers te begelei ten aansien van hulle opvoedingstaak, ten einde optimale ontwikkeling (reeds by die voorskoolse kind) te bevorder.

## 1.3 NAVORSINGSPROBLEEM

In die lig van die voorafgaande inleidende oriëntering en tema-analise kan die navorsingsprobleem van die onderhawige studie soos volg geformuleer word: Op watter wyse beïnvloed die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, in terme van:

- die opvoedingstyl van die ouer (die **hoe** van die gesinsopvoeding)
- opvoedingsinhoude (die **wat** van die gesinsopvoeding, in terme van die waardes wat aan die kind voorgehou word)
- die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind?

## 1.4 HIPOTESE

Ten einde die navorsingsprobleem effektief aan te spreek en die doelstellings van die ondersoek te realiseer, sal die ondersoeker poog om die volgende hipotese te verifieer: Die waarde-oriëntasie van die ouer oefen 'n betekenisvolle en kragtige invloed uit op die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, in terme van die volgende aspekte:

- die opvoedingstyl van die ouer
- opvoedingsinhoude
- die moontlike invloed van die opvoeding op die ontwikkeling van die kind.

## 1.5 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

'n Literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek van beperkte omvang sal onderneem word om die navorsingsprobleem te ondersoek en die geformuleerde hipotese te verifieer. Met die literatuurstudie sal gepoog word om ondersoek in te stel na ander navorsers se bevindinge ten opsigte van die waarde-oriëntasie van die ouer uit 'n milieu-benadeelde omgewing en die invloed daarvan op die gesinsopvoeding, veral ten aansien van die voorskoolse kind. Teen die agtergrond hiervan sal die vraelys en individuele onderhoude vir die empiriese ondersoek ontwerp en beplan word.

Empiriese navorsing sal onderneem word om die aard van die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer uit die milieu-benadeelde omgewing en sy opvoeding van die voorskoolse kind te ondersoek en om tot bevindinge en gevolgtrekkings te kom. 'n Omvattende beskrywing van die empiriese ondersoek word in Hoofstuk 4 gebied. Laastens sal gepoog word om, op grond van die bevindinge wat verkry is, riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer.

Die onderhawige ondersoek is derhalwe verkennend, beskrywend en in 'n beperkte mate verklarend van aard. Verkennende studies is gerig op die verkenning van 'n relatief onbekende terrein met die oog op die verkryging van nuwe insigte oor die tersaaklike verskynsel, begripsverheldering ten opsigte van sentrale konsepte en konstrukte, die bepaling van prioriteite met die oog op verdere navorsing en die ontwikkeling van nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel. Hierbenewens kan 'n verkennende studie as voorondersoek gebruik word met die oog op 'n meer gestruktureerde studie van die bepaalde verskynsel onder die soeklig (Mouton & Marais, 1991:45).

Verkennende studies is derhalwe gerig op die verkryging van insig en die verwerwing van begrip. Om dié rede word dikwels gebruik gemaak van onderhoudvoering, ontleding van gevallestudies en die gebruik van informante. Daar word dus, benewens literatuurstudie as metode, ook gebruik gemaak van die ontleding van voorbeelde en gesprekvoering met mense met praktiese ervaring in die betrokke veld. Hipoteses is dikwels die uitkoms van hierdie tipe navorsing eerder as die oorsaak daarvan (Mouton & Marais, 1991:45).

In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na die waarde-oriëntasie van ouers uit 'n milieu-benadeelde omgewing en die invloed daarvan op die gesinsopvoeding. Dié verband word ondersoek ten einde die implikasies wat dit vir ouerbegeleiding inhou, uit te lig. Om hierin te kan slaag, behels die studie derhalwe eerstens 'n teoretiese ondersoek aan die hand van relevante literatuur.

Hierbenewens is die ondersoek ook beskrywend van aard, aangesien die verskynsel nie bloot verken word nie, maar ook beskryf word. Beskrywende studies is gerig op die ondersoek na en beskrywing van individue, groepe en situasies wat relevant blyk te wees vir die bepaalde studie. Tydens sodanige studies is dit voortdurend belangrik om akkurate inligting/data te versamel sodat dit beskryf kan word. Gevalle waar verbande tussen veranderlikes in die

beskrywing aangedui word, staan gewoonlik bekend as korrelasionele studies (Mouton & Marais, 1991:46-47).

In die onderhawige studie val die klem op die beskrywing van die volgende aangeleenthede, alvorens oorgegaan kan word tot moontlike verklarings:

- verskillende moontlike opvoedingstyle en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind
- die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer
- die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die gesinsopvoeding, in terme van opvoedingstyl, opvoedingsinhoude en beïnvloeding van die ontwikkeling van die voorskoolse kind
- riglyne wat bogenoemde verbande vir ouerbegeleiding inhou.

Laastens is die onderhawige studie ook in 'n beperkte mate 'n verklarende studie, aangesien dit ten doel het om die oorsaaklikheid tussen veranderlikes of gebeurtenisse aan te dui. Die navorser wil nie slegs kousale verbande tussen veranderlikes (waarde-oriëntasie van die ouer en gesinsopvoeding) aandui nie, maar ook die rigting van dié verbande. Bepaalde verskynsels word sodoende verklaar in terme van sekere oorsake (Mouton & Marais, 1991:47). In die onderhawige studie word derhalwe nie net gepoog om die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer en die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind aan te dui nie, maar ook om die rigting van die verband en oorsake van bepaalde verskynsels te verken en ontleed.

## 1.6 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die onderhawige studie kan soos volg geformuleer word: Om ondersoek in te stel na die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van:

- die opvoedingstyl van die ouer
- opvoedingsinhoude
- die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling (enkele fasette) van die kind.

Tweedens word dit ten doel gestel om, op grond van die bevindinge wat verkry is, riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer.

## 1.7 PROGRAM VAN STUDIE

Na die voorafgaande inleiding, tema-analise en probleemstelling, sien die verdere program van studie en ondersoek soos volg daar uit:

In **Hoofstuk 2** word die leefwêreld van die milieu-benadeelde voorskoolse kind verken en beskryf in terme van sy omgewing, sy gesinsituasie, waarde-oriëntasie van die ouer en agterstande en kenmerke van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Die ondersoek na hierdie aspekte sal dien as teoretiese aanloop, verwysingsraamwerk en fundering vir die ontwerp en implementering van die gestruktureerde vraelys en individuele onderhoude vir die empiriese ondersoek.

In **Hoofstuk 3** word waarde-oriëntasie as faktor by die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind ondersoek met betrekking tot die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer enersyds en sy opvoedingstyl, opvoedingsinhoude en die invloed van die opvoeding op die ontwikkeling van die kind andersyds. Benewens die aspekte gedek in Hoofstuk 2 sal dit ook dien as teoretiese aanloop, verwysingsraamwerk en fundering vir die ontwerp en implementering van die gestruktureerde vraelys en individuele onderhoude vir die empiriese ondersoek.

**Hoofstuk 4** behels 'n beskrywing van die empiriese ondersoek van die studie.

In **Hoofstuk 5** word die bevindinge van die studie saamgevat, voortspruitende gevolgtrekkings gemaak en riglyne vir ouerbegeleiding verskaf.